| | | |
|---|---|---|
| 6.6 | • B/skaam oor sy skoolklere was. | 1 |
| 6.7 | Die seun het ...<br>• 'n goeie/positiewe/mooi beeld van sy pa geskep.<br>• net goeie goed oor sy pa vertel.<br>• ‘n prentjie geskep van ‘n pa wat baie goed vir sy gesin sorg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Die Portugees het gedink die seun se pa ...<br>• was sleg/onverantwoordelik<br>• het die gesin in die steek gelaat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1<br><br>1 |
| 6.8.1 | B/Die seun het gejok oor die koshuislewe. | 1 |
| 6.8.2 | A/Die Portugees het agter die verteller aangehardloop. | 1 |
| 6.8.3 | D/Die Portugees was baie kwaad. | 1 |
| 6.8.4 | E/Die seun het skaam gevoel en net weggestap. | 1 |
| 6.9.1 | eerlikheid | 1 |
| 6.9.2 | Aan die einde van die verhaal het ...<br>• die Portugees die verteller laat besef wat die waarheid omtrent die seun se lewe was/gesê dat die seun se pa weggeloop het/die seun en sy ma arm is/die seun se ma in die kafee gewerk het.<br>• die verteller die waarheid omtrent die seun se lewe uitgevind/uitgevind dat alles wat die seun oor sy pa/gesin vertel het, leuens was.<br>• die seun besef dat sy leuens uitgekom het.<br>• die leser besef dat, net soos potyster nie gesweis kan word nie, kan leuens nie die waarheid verander nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.10.1 | Die verteller | 1 |
| 6.10.2 | Die verteller/Hy ...<br>• was nie kwaad vir die seun oor sy leuens nie.<br>• het nie vir die Portugees van die seun se leuens vertel nie.<br>• het steeds probeer om die seun te help, al het hy geweet die seun het vir hom gejok.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: 'TOM' – Jeanne Goosen**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.11 | • die werf<br>• die bosplantasie<br>• teen die koppe uit<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.12.1 | C/Die broertjie kon sy standpunt verdedig. | 1 |
| 6.12.2 | • Die broertjie het elke argument gewen.<br>• Vir elke probleem wat die verteller genoem het, kon die broertjie 'n antwoord gee.<br>• Die broertjie het ‘n koppige trek om sy mond, gereed om vir die donkie te baklei.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.13.1 | waarde vir geld | 1 |
| 6.13.2 | • Hy het nie baie vir die donkie en die karretjie betaal nie.<br>• Donkies met karretjies is gewoonlik duurder (as wat hy daarvoor betaal het).<br>• Die waentjie was by die prys ingesluit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.14 | B/positief oor sy planne met die karretjie was | 1 |
| 6.15 | kos en skoolfooie | 1 |
| 6.16.1 | D/Die gesin het nie geld vir ander belangrike goed gehad nie. | 1 |
| 6.16.2 | E/Die broertjie was hartseer. | 1 |
| 6.16.3 | A/Die donkie het geproes en 'n bol mis gelos. | 1 |
| 6.16.4 | C/Die verteller was bang dat die donkie hulle groente sou opvreet. | 1 |
| 6.17 | • Goed aanry<br>• (Vark)draad aanry vir die kampie<br>(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.18 | Die donkie ...<br>• het nie al sy tande gehad nie.<br>• se vel het skaafplekke gehad.<br>• was liefdevol (teenoor die broertjie).<br>• was verwytend (teenoor die verteller).<br>*(Enige VIER of soortgelyk aan bogenoemde)* | 4 |
| 6.19.1 | positiewe | 1 |

